

Eerste Skriflesing: Handeling 10: 34. 37-43

Beurtpsalm: Psalm 118: 1-2. 16-17. 21-23

Tweede Skriflesing: Kolossense 3: 1-4

Evangelie: Johannes 20: 1-9

GESEËNDE PAASFEES!

CHRISTUS HET OPGESTAAN! HY HET INDERDAAD OPGESTAAN!

Op hierdie glorierykste van alle dae verkondig ons die Opstanding uit die dood van Onse Here Jesus Christus. Hiermee is die verloop van die mensdom se geskiedenis vir eens en altyd verander. Die vroeë Christene het geweet hoe lewensgevaarlik dit was om dié Blye Boodskap te verkondig en tog het hulle daarmee voortgegaan en tallose gelowiges was bereid om hul lewens vir dié waarheid op te offer. Hulle het geweet die Opgestane Here sou hulle nooit in die steek laat nie.

Kom ons nooi vandag die Opgestane Here in ons lewens en harte in. As ons Hom met geloof nader sal ons Hom ontmoet en Hy sal by ons wees en ons lewens met sy nabyheid verryk en al ons diepste verlange vervul soos Hy vir ons 'n voorsmakie van die hemelse heerlijkheid gee.

